

## Week 1 en 2 (2 Nov. – 13 Nov.)


Aanbeveling: Doen 2 of 3 items per afdeling 'n dag vir die 5 dae wat die leerder tuis bly.

### Wiskunde

#### **Hersien getal 9**

#### **Simmetrie:**

- Mamma pak voorwerpe (kryte/macaroni/speelgoed) op 'n manier dat dit die helfte van 'n vorm is. Die leerder gebruik dan dieselfde soort voorwerpe en kleur en voltooi die vorm.
- Teken dan die helfte van eenvoudige prentjies op 'n papier en laat leerder dit voltooi en inkleur. Hy knip dit dan uit en plak dit op 'n ander bladsy. Bv.



#### **Getalle soektog:**

- Sit jou foon se "timer" aan vir 3 minute. Die leerder soek binne en buite die huis rond waar daar getalle voorkom.
- Sonder om tyd te hou, soek vir getalle 1 tot 9 en skryf dit oor op 'n papier wanneer hy dit kry.

**Tel:**

- Tel so hoog as wat die leerder kan. (Moet in staat wees om tenminste tot 50 te tel)
- Tel terug van 10
- Tel in 2's tot 10

**Rangorde:**

- Hou 'n fisiese resies waar die gesin teen mekaar hardloop/kruip/rol.
- Gesels oor hoeveelste elkeen is- eerste, tweede, derde, ens.

### **Huistaal**

- Lees die Kammaland storie vir die hersiening van die i - klank
- Lees enige storie vir die leerder voor en hy/ sy moet die storie in sy eie woorde oorvertel.
- Gebruik 'n prenteboek en vra die leerder om sekere items in die prent op te spoor.
- Teken dan 'n prent om die storie uit te beeld.
- Kyk na 'n prentjie in 'n tydskrif/ koerant en maak jou eie storie op oor die gebeure in die prent. Wees kreatief en gebruik jou verbeelding.

### **Doen en Leer**

- Voltooi asb. Week 29.

**Ons sien uit na die laaste kwartaal saam!**

